

## Sing vooraf staande: Psalm 148:5 (p. 712)

- 5 Laat almal saam die HERE prys: / sy Naam alleen het hoog gerys;  
oor aarde en hemel, ver en wyd, / sien ons sy glans en majesteit.  
Hy wou die horing vol vermoë, / die glorie van sy volk verhoë:  
Sing dan, o volk, met hoog geskal / die lofsang van die groot heelal!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 89:10 (p. 446)

- 10 My goedertierenheid, hom altyd trou naby, / sal in die donker nag sy helder leidster bly.  
My Naam sal vir hom wees 'n altyd sterke toring, / en in my krag swaai hy die hooggehewe horing.  
Ek sal sy hand laat heers oor lande wydgeleë, / sy regterhand laat rus op stroomgebied en see.

## Gebed

- *Doksologie en Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

**Amen.**

## Psalm 2:3 (p. 6)

- 3 “Durf jy dit waag om met my krag te twis? / Sal niet'ge stof My my gesag ontwing?  
Of weerstand bied aan wie almagtig is? / Ontsien my toorn, verdwaasde sterweling!  
Vergeefs wil jul my ryksbestel weerstreef. / Ek het my Vors gesalf – wee, wie Hom hoon! –  
op Sionsberg van heiligheid omgee, / waar Hy sal heers en ewig sit ten troon.”

Skriflesing: Sagaria 1

Teks: Sagaria 1:21

**Toe sê ek: Wat kom hulle maak? En Hy antwoord en sê: Dit is die horings wat Juda só verstrooi het dat niemand sy hoof opgehef het nie; maar hierdie manne het gekom om hulle skrik aan te jaag, om die horings van die nasies neer te werp wat die horing teen die land van Juda opgesteek het om dit te verstrooi. (Sagaria 1:21 AFR53)**

Sagaria was 'n baie besondere mens. Sy naam was eintlik al 'n samevatting van al die preke waarvoor die Here hom geroep het, en wat hy voor die volk gelewer het.

- Die naam Sagaria beteken: Die Here onthou!
- Sagaria het gepreek dat die Here altyd onthou watter beloftes Hy aan ons gemaak het.
- Die Here het belowe dat Hy ons gaan losmaak van alles wat ons verdruk het en druk op ons uitgeoefen het om ons geloof te laat kwyn.

Kom ons ondersoek saam die twee onderdele van Sagaria se tweede naggestig:

- 1. Die straf van die Here**
- 2. Die verlossing**

## 1. Die straf van die Here

Die Here sê twee belangrike dinge, naamlik:

- Die HERE gaan ons losmaak van alles wat ons verdruk het.
- Hy gaan ons ook losmaak van die dinge wat druk op ons uitgeoefen het om ons geloof te laat kwyn.

Maar dit moet ons net nie laat dink dat die inhoud van Sagaria se naggestig beteken dat geloof sommer maklik is, en dat die Here sommer net vergewe en regmaak wat verkeerd is nie.

- **Die Here red ons deur straf, berou en bekering heen.**
  - Die Here onthou ook wat ons alles moet doen,
  - en Hy onthou ook om ons te straf as ons nie wil luister nie.
- Die verskriklikste gevoel wat 'n mens seker kan beleef, is wanneer jy op 'n punt in jou lewe kom waar jy meteens agterkom dat jy gebreek is tot in die grond.
  - Die punt waar jy agterkom dat jou siel brandarm is.
  - Die dag wanneer jy agterkom jou mense om jou is al almal dood.
  - Wanneer daar iets met jou gebeur het en jy meteens agterkom jy is in die skande. So erg dat jy nie eers jou kop kan optel nie!
- Dit was die toestand waarin die volk was toe Sagaria die môre aan hulle vertel het van die gesig wat hy die vorige nag gesien het.
  - Dink ook net hoe verlig hulle was oor wat die profeet te sê gehad het, want dit het weer vir hulle 'n toekoms gewaarborg.
  - In hierdie tweede naggestig waarborg die Here die veiligheid van die kerk.
- Die volk het juis net uit 'n 70-jaarballingskap gekom waarin hulle was omdat hulle nie wou glo soos die Here van hulle verwag het nie.

Die Here sal die kerk tot niet laat gaan as Hy wil, soos wat Hy aan die Israëliete bewys het:

- Hulle wou nie hoor en hulle bekeer nie, en toe het Hy hulle letterlik laat verstaan wat Hy bedoel en hulle laat wegvoer in ballingskap.
- 'n Volk is tot niet gemaak met land en al.
- MAAR toe het die Here dit self gedoen – die wêreld kan dit nie doen nie.

Na 70 jaar het die Here toe besluit dat Hy die volk weer wil herstel.

- Hy bring toe 'n klein groepie van hulle terug uit Babilonië.
- Groot getalle, baie geld en blink vertoon is nie vir die Here belangrik nie.

Die mense kry toe ook nog die wind van voor, want hulle was skaars vry van die Babiloniërs, toe word hulle al weer deur die Perse onderwerp.

- Hulle eerste opdrag was dat hulle die tempel moes herbou – en op hierdie stadium was hulle al 20 jaar terug, maar die tempel was nog nie herbou nie omdat die mense wat in die tussentyd die land begin bewoon het, dit nie wou toelaat nie.
- Ons kan sê dat dit alles teëspoed van buite hulleself was.

Maar dit was nie die grootste probleem nie! Die grootste probleem was die teëspoed wat hulle van binne af gekry het:

- Hulle eie ongeloof het hulle oorval en hulle hande slap gemaak.
- **Lamsakkigheid was 'n baie groter hindernis as wat die bedreiging van die vyande was.**

As mens nou die prentjie so sou sit en bekyk, dan lyk dit asof die kerk in die wêreld sal ondergaan, want die kerk gaan agteruit.

- Die kerk word aangeval en bedreig van buite en van binne.
- Dan – op hierdie kritieke tydstip – kom Sagaria en hy preek dat die Here nie sal toelaat dat die wêreld die kerk vernietig nie.
- Die Here gaan sy kerk verlos.

Die Here waarborg nie dat ons maar kan slap raak en dat Hy dan nog altyd sal sorg dat ons voortbestaan nie.

- Hy gee net die versekering dat die kerk altyd daar sal wees.
- Die wêreld sal nooit die kerk kan vernietig nie.

Sagaria het vier horings gesien.

- Die vier horings het sekerlik nie in die lug gesweef nie. Dit moes aan die koppe van diere vasgesit het.
- Sagaria vertel nie watse soort diere dit was nie omdat dit nie belangrik is nie.
- Dit is die horings self wat so 'n indruk op hom maak.
- Hy sien hoe hierdie horings oor die grond aankom en sy volk teen die grond platslaan.

Die horings het Sagaria baie bang gemaak. *Horings was mos in die Ou Testament altyd 'n teken van brutale geweld en krag.*

- Dawid sing mos in Psalm 18:3 dat God sy horing van heil is.
- Asaf sing weer in Psalm 75:11 dat God die horings van die goddelose sal stukkend breek. En dan bedoel hy dat God hulle mag sal verwoes.

Dit is so dat horings in die gesigte en profesieë regdeur die Bybel altyd bonatuurlike mag en kragte simboliseer.

- Sommige kere is dit anti-Goddelike nasies se krag wat so uitgebeeld word, en ander kere is dit die Here se krag wat so uitgebeeld word, soos byvoorbeeld die horings teen die altaar wat die krag van God uitbeeld.
- In die gesig van Sagaria het ons nie te doen met horings wat versoening bewerk soos by die altaar, of in Dawid se psalm nie.
  - Daar word vertel van verstoting.
  - Dit is hierdie horings wat Juda verstrooi het.

Hierdie naggestig slaan ver in die toekoms in.

- Dit profeteer van 'n tyd wanneer die nasies sal opstaan en die kerk sal probeer uitwis.
- Die wêreld gaan oor die gelowiges trap soos wat die horings die mense platgeslaan het.

Hierdie naggestig sluit dus aan by Openbaring wat beskryf dat die Christene doodgemaak word omdat hulle glo, en dat slegs dié wat die teken van die bees dra, sal kan handel dryf.

- Die wêreld en die magte van die hel sal alles só inneem dat dit nie vir die Christene moontlik sal wees om voort te gaan nie.
- Die getal vier is die getal wat altyd gebruik word om die skepping te simboliseer.
  - Dit dui ook die vier windrigtings aan.
  - Sagaria sien ook vier horings – dit beteken dat nasies uit die vier windrigtings teen die kerk sal opstaan en dit verstrooi.

Die naggiesig was natuurlik ook waar van Israel, want die hele destydse wêreld het Palestina om die beurt verower – Babilonië, Sirië, Persië en Egipte. Dit was al die groot moondhede wat daar in daardie tyd was!

## 2. Die verlossing

Sagaria is so verstar in sy vrees vir hierdie horings dat hy aanvanklik nie die vier sterk manne sien wat te voorskyn kom nie. Die Here moet sy aandag daarop vestig.

- **Hulle preek die heilswerk van die Here.**
- Dit is nie verby met hierdie Jerusalem nie.
- Die Here stuur 'n ander mag om die mag van die vier horings te vernietig.

Sagaria sien ystersmede wat ysterhorings kom stukkend slaan.

- Die woord wat hier in die Hebreeuse teks gebruik word, beteken net **vakman**.
- Die Nuwe Afrikaanse vertaling vertaal dit met **ambagsmanne**.
- Die Ou Afrikaanse vertaling het dit vertaal met **smede**, na aanleiding van 1 Konings 22:11 waar daar van ysterhorings sprake is.

Die Bybel leer hier dat die wêreld die volk van God so platgeslaan het dat niemand eers sy kop kon optel nie.

- Daarmee is die Here nie tevrede nie.
- Daarom stuur Hy hierdie vier vakmanne om die vier horings met hulle geweldige smidshamers stukkend te slaan.

Kyk weer na die beeld:

- Die wêreld staan vol godslastering teenoor die kerk van God.
- Meteens staan daar vier smede wat die wêreld totaal van sy voete af slaan en verwoes.
- Dit openbaar dat God nie magteloos is nie, al is die kerk self magteloos.

In die beeld van die vier horings word **net brute krag** en geweld gesimboliseer. In die beeld van die vier smede word **meer as net krag** gesimboliseer:

- Hulle is ook simbool van verstand en vakmanskap.
- God gebruik sy krag met oorleg en vaardigheid.
- Daarteen het die wêreld en die duiwel geen weerstand nie.

Die vakmanne preek twee dinge aan ons:

**Eerste** preek hulle die verlossing wat God bewerkstellig. God stuur 'n mag in die wêreld in wat teen die wêreldmagte gaan optree en hulle totaal vernietig.

- Baie duidelik het ons hier te doen met 'n voorspelling van Jesus Christus. Hy kom lewe in ons wêreld – as 'n mens – om die mag van die wêreld en die hel te vernietig.
  - Christus word deur die mense – onder die aansporing van die duiwel – aan 'n kruis opgehang.
    - Maar met hierdie daad het die Satan ook sy eie graf gegrawe, want dit het juis die verbreking van sy mag beteken.
  - Christus worstel as 'n mens met die dood.
    - Soos 'n mens gaan Hy in sy graf in – maar Hy is ook die eerste mens wie se liggaam in eie krag die dood oorwin en weer lewendig uit die graf uit terugkom.

- **Hierdie Vakman het op die aarde versoening gemaak uit oordeel uit.**
  - *Hy het 'n nuwe lewe oopgemaak vir mense wat beloon behoort te word met die angs en besoedeling van die hel.*
  - *Hy het die mag van die hel gebreek en ook verbreek – die mag van die vier horings verbreek.*

Maar alles is nie net genade nie. Daarom preek hierdie smede in die **tweede plek** ook die gerig van God.

- Die inhoud van die evangelie is tog verlossing vir die wat glo, en oordeel vir die wat die verlossing van Christus verwerp.
- Enersyds is dit waar dat Jesus Christus sterf om sondaars te verlos.
- Maar aan die ander kant is dit ook waar dat Hy sterf om alle mense wat teen God werk saam met die duivel en sy magte te vernietig.

Kyk nou na onself. By watter mag is ons gewig ingegooi?

- Gaan ons soos die vier horings met 'n groot spoed deur die lewe en trap op alles wat vir God heilig is?
- Is dit nie dalk waar dat ons nie belangstel in suiwer beginsels nie?
- Hoeveel krag het ons geloof? Is ons geloof nie net 'n geloof van papierdikte wat dit oorweeg om sonde te doen eerder as om die heiligheid van aanbidding te beoefen?

Hierdie naggesig plaas geweldig baie klem op ons verantwoordelikheid.

- Ons moet werklik kerk wees en waarlik gelowiges wees.
- Anders gestel: Ons moet werklik 'n bekeringslewe leef as ons wil hê die Here moet ons beskerm, want Hy verlos uiteindelik net die ware kerk.

Ons moet dít weet: Ons word beskerm deur die Here se almagtige genade.

- Daarom moet ons begenadigdes wees!
- Ons moenie 'n gebrek aan diepte in ons lewensinsig hê nie, want God die Heilige Gees lei ons juis met God se eie wysheid deur ons dae.

Ons is ook nie ongelowig nie. Ons kan die volle eis van verantwoordelikheid op elke terrein van ons lewe nakom, want ons deel in die verlossing van die Here Jesus Christus.

Hy kom aanstons om te oordeel. Laat ons gereed wees om Hom met blydschap in te wag om Hom vir ewig te verheerlik.

- Dit is waar dat die gelowiges dan in die teerheid van die Here Jesus se liefde op die nuwe aarde gevestig gaan word.
- Ons moet net nie dink dat die liefde van die Here ons toestemming gee om geloofslamsakkig te wees en maar net aan te draal deur ons geloof nie.
- Hy verwag van ons kragtige voetstappe in sy diens. Hy wil ons voluit en eerlike aanbidding beleef.

Kom ons leef voluit en oortuig bekeerd van elke vorm van ellendigheid wat daar in ons geloofsmondering mag wees.

Mag ons 'n kerk wees wat in die lof van God leef en jubel.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 116:1, 9 (p. 569)

1 God het ek lief, want die getroue HEER / hoor na my stem uit vrye welbehae;  
ek roep Hom aan in al my lewensdae, / Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.

9 Ag, Heer, ek is, o ja, ek is u kneg, / seun van u diensmaagd, in u diens gebore:  
my bande is los; vir hoër diens verkore, / bring ek die offers, aan U toegeseg.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville

Datum: Maart 1999. Reeks oorgemaak 15 Januarie 2006

Hulpdienpredikant Clanwilliam

Datum: 1 Julie 2012 Clanwilliam